## OOR DIE OPLEIDING VAN GESKIEDKUNDIGES — II

### IV

*Die opleiding van geskiedkundiges in die nagraadse fase*

Hoewel die grondslag vir die opleiding van geskiedkundiges in die voorgraadse- (en Honneursvlak) gelê word, is dit in werklikheid eers in die nagraadse fase dat die student tot „wetenskaplike" gevorm word. Maar die onderskeiding tussen „voor-" en „nagraads" is relatief en bestaan nie in alle lande nie, soos bv. in Frankryk, Duitsland en Nederland. In Brittanje word van „under-graduates" en „post-graduates" gepraat, in die V.S.A. van „under-graduates" en „graduates"; in Suid-Afrika van voor- en nagraads. Voorgraads word meestal met massas studente geassosieer en onrypheid daarby, „nagraads" het meestal te doen met indiwiduele kontak tussen student en dosent aan wie hy vir „studieleiding" of „toesig" toevertrou is. In Suid-Afrika word so 'n „toesighouer" vir die Magistergraad 'n „studieleier", en vir die graad van *Doctor* 'n „promotor" genoem.

Om met *Frankryk* te begin. Die hoogste akademiese graad daar is die „Doctorat ès Lettres" — die „Doktoraat van die Staat" — dít en slegs dít alleen gee toegang tot 'n leerstoel in 'n fakulteit. In Frankryk speel die doktorale dissertasie 'n baie groter rol in die historiese geleerdheid as in enige ander land ter wêreld. Van die belangrikste historiese navorsing word in die voorbereiding vir die doktorsverhandeling gedoen. In dié land kan drie tipes doktorsgrade verwerf word. Die eerste, belangrikste, moeilikste en tydrowendste is die bogenoemde Doktoraat van die *Staat*.

Die minimum kwalifikasie vir toelating is die *licencié* (wat gewoonlik 'n „Sertifikaat van Hoër Studies" insluit). 'n Student wat inskryf vir die doktorsgraad is ongeveer 21 jaar oud, maar meestal 25 of ouer. Die kandidaat begin sy studie as hy sy temas vir *twee* dissertasies by die sekretaris van die fakulteit lettere of humaniora aangeteken het. Dié temas word in oorleg met 'n toesighoudende professor gekies. Die verhouding hier is van persoonlike aard en die kandidaat moet homself voorberei soos hyself goed ag, maar met die wete dat sy professor en 'n eksamenkomitee aan die einde van die studie tevrede gestel moet word. Hoewel geen kursus voorgeskryf is nie, neem die student tog kursusse in die veld waarin hy navors by sowel ander as by sy eie professor.

Die vereistes vir die verkryging van 'n doktorsgraad is twee dissertasies, 'n *hoof*dissertasie en 'n *bykomstige* dissertasie van geringer omvang, en daarby 'n openbare verdediging van die twee voor 'n komitee van professore, gewoonlik vyf. Die hoofdissertasie moet bewys lewer van die bevoegdheid van die kandidaat om kritiese navorsing selfstandig te doen, nl. om interpretatiewe dokumentêre studie uit te voer wat sal lei tot 'n oorspronklike stuk werk, gebaseer op uitputtende ondersoek. Daarby moet die tema wyd genoeg wees om van waarde te wees as 'n bydrae tot die algemene geskiedenis; dit moet perspektiewe oopstel

vir nuwe navorsingsmetodes en die student se geskiktheid toon vir sintese en eruditeit. Om dié rede speel die hoofdissertasie so 'n groot rol in die historiese geleerdheid in Frankryk. Sy lengte moet van 600 tot 1 000 bladsye wees, en dít *moet* in gepubliseerde vorm voorgelê word.

Die bykomstige dissertasie is geringer van omvang en aanvullend tot die hooftesis en moet 'n bydrae lewer tot die studie van die geskiedenis in die vorm van 'n kritiese katalogus of 'n geleerde uitgawe van 'n historiese teks, dít hoef egter slegs in getikte vorm ingehandig te word. Beide stukke moet die goedkeuring van die professor wegdra. Daarna word hulle publiek verdedig voor 'n komitee van vyf of ses professore. Van die kandidaat word verwag om binne die eerste halfuur 'n opsomming van sy werk te gee, waarin die hoofprobleem beklemtoon, en sy metodes en gevolgtrekking uiteengesit word. Op grond daarvan oordeel die eksamenkomitee oor die kandidaat se bevoegdheid om te kan *doseer.* Sy sukses hang af van die kwalifiserende frase „trés honorable" of nie —sou dít die geval wees, kan hy hoop op 'n universitêre leerstoel. Na die kandidaat se verdediging van sy werk doen die komitee verslag aan die Minister van Nasionale Opvoeding waarin oor die bevoegdhede van die nuwe *Doctor* uitgewei word.

Daar word vandag kritiese vrae in Frankryk gestel oor die lengte van die dissertasie, die duur van die studie en die onkoste daaraan verbonde. Aan die professor word ook hoë eise gestel: in 1964 het een professor oor 60 dissertasies toesig gehou en twee ander oor 30 elk! Die Sorbonne is die *Mecca* van die Fanse historiese studie (soos Londen dit vir Brittanje is) en ken twee maal soveel doktorale grade toe as in al die Franse universiteite saam. In 1964-1966 is 31 doktorstitels in geskiedenis daar toegeken.

Die tweede tipe graad van *Doctor* is dié van die *Universiteit* wat veral ingestel is vir die toekenning van die D.Phil-graad aan *buitelandse* studente wat hulle in Frankryk in die geskiedenis kom bekwaam. Die dissertasie hoef slegs in getikte vorm ingehandig te word, maar *moet* in Frans geskryf wees. Saam met die dissertasie word drie probleme in die geskiedenis in die openbaar voor 'n eksamenkomitee verdedig. Ook hier hou 'n leier daaroor toesig.

Die derde tipe doktorsgraad dateer vanaf 1951 en volg op inskrywing vir die *derde siklus* wat twee jaar duur waarvoor òf die „licencié és lettres" vereis, òf blyke van besondere geskiktheid vir navorsing gegee word. So 'n kandidaat staan onder die toesig van 'n „direkteur van navorsing", 'n professor, en doen sy navorsing in een of ander universitêre instituut wat 'n eie biblioteek en seminare aanbied. Kandidate vir 'n *Maîtrise* en *Doctorat* neem gewoonlik deel in die werk van so 'n instituut en staan die professor by in sy eie navorsing. Die doktorsverhandeling moet getik wees en word voor drie professore in die openbaar verdedig[27].

27. Vir besonderhede oor Frankryk, Shafer, p.40-47.

Daar is reeds opgemerk dat die enigste akademiese graad in geskiedenis in *Duitsland* die doktorsgraad is. Hier moet nou nader op die vereistes daarvoor ingegaan word. Vir inskrywing is slegs die *Abitur* nodig. As die student aspireer na die skrywe van 'n dissertasie, word van hom verwag om 'n deeglike akademiese vorming te verkry wat oor agt semesters strek, sommige waarvan ook aan ander universiteite gevolg kan word. Daarna word nog ses semesters verwag, dus altesaam sewe jaar voltydse studie. Die student moet ook 'n bevredigende kennis van Latyn hê. Die weg na die dissertasie gaan deur *seminaaroefeninge* van 'n professor (wat die student graag as „Doktorvater" wil hê) en wat hy verpligtend moet bywoon; die gewone voorlesing hoef nie bygewoon te word nie. In Duitsland is die *seminaar* die *kern* van die opleiding van 'n geskiedkundige; daar word in dié land nie soos in Suid-Afrika of in Brittanje gevra by watter universiteit jy studeer het nie, maar na die *professor* by wie jy gestudeer en gedoktoreer het, wat prestige aan jou graad verleen.

Daar is drie soorte seminare volgens hierargiese beginsel wat deur die student gevolg word: aan die begin staan die *proseminar* wat 'n inleidende kursus is tot die dissipline en waarin oordraging plaasvind van die metode en tegnieke van die geskiedkundige; daarin word hy vertroud gemaak met bronne en bibliografieë, ook is dit die voorvereiste vir die bywoning van die „gewone" seminare in dieselfde studiegebied. Op die proseminaar volg tweedens die *Mittel* en *Oberseminar* wat veel hoër vereistes stel en daarop die *Arbeitsgemeinschaften* of *Colloquia* wat meestal slegs aangebied word aan gevorderde studente wat aan hulle doktorale dissertasies werk. Dit is in die seminaar waar onderrig en opleiding *werklik* plaasvind. Daar is gewoonlik een per week, twee uur lank. Dit word van die student verwag om daaraan deel te neem en oor gebiede uit die tema wat behandel word opstelle of „oefeninge" in te lewer, voor te dra en teen kritiek in te verantwoord. Dit is in die seminaar dat die student bewys moet lewer van sy bevoegdheid en aanleg vir historiese studie. Dit is daar dat hy die aandag van 'n professor trek, wat hom dan kan aanbied om sy doktorale dissertasie te lei[28]. Aan die einde van elke semester kry 'n student 'n seminaarsertifikaat wat sy werk gradeer.

Die dissertasie staan onder die leiding van die *Doktorvater*. Die student moet 'n tema kies wat 'n besondere, tot hiertoe 'n nog onontgonne navorsingsprobleem bevat, waardeur dit 'n onafhanklike, geleerde prestasie moet wees, en dus 'n bydrae tot die wetenskaplike kennis. Die dissertasie moet gepubliseer wees voor 'n graad toegeken kan word. Die Doktorvater en twee ander eksaminatore oordeel oor die kwaliteit daarvan. As die fakulteit dit aanvaar, moet die student 'n mondelinge eksamen aflê wat een uur duur oor die veld waarin die verhandeling

28. Dit was Leopold von Ranke wat die grondslag van die historiese opleiding in Duitsland gelê het met sy historiese seminaar wat gewoonlik in sy huis gehou is. Kyk G. Berg, *Leopold van Ranke als akademischer Lehrer*, Vandenhoeck & Ruprechtt, 1968. Kyk ook Shafer, *Historical study in the West*, p.95-99.

geskryf is. Daarna nog twee eksamens van twee en 'n half uur elk oor twee ander gebiede, waarvan één geen direkte verband met die geskiedenis mag hê nie, soos bv. in die sosiologie of Germanistiek. Met ander woorde die student doktoreer in sy „hoofvak" en moet twee „byvakke" slaag, soos dit ook die geval in Nederland is. Daarna vind die „Promotion" plaas. In die 19e eeu was die doktorale proefskrif wat die bewys moes lewer dat die student onafhanklike wetenskaplike werk selfstandig kan doen van geringe omvang, maar gaandeweg het dit deur die jare tot groot lywigheid gegroei — die rede is mededinging om universitêre poste. Hoe langer en hoe beter die kwaliteit van die dissertasie, so is daar geglo, hoe groter is die kanse vir sy opsteller om 'n akademiese loopbaan te kry.

In *Brittanje* steek sake anders inmekaar en bestaan daar 'n groot verskeidenheid van benadering tot die nagraadse opleiding. Die „Oxbridge"-stelsel verskil van die Universiteit van Londen en dié weer van die provinsiale en nuwe universiteite. In Brittanje is daar 'n lang tradisie van „amateurisme" in die geskiedskrywing asook net so 'n lang tradisie aan Oxford en Cambridge van die „tutoriale stelsel". Dit val op dat van die grootste historiese geleerdes in Duitsland universiteitsprofessore was, terwyl dit nie die geval was in Brittanje nie. Froude, Freeman, Stubbs, Macaulay en Toynbee was en is nie verbonde aan universiteite nie, maar het hulle groot werk buite die universiteit gelewer.

Wat voorvereistes betref, in *Oxford* word 'n student wat deur die „Honours School of History" gegaan, en 'n „eersteklas" slaagpunt gekry het, beskou as goed genoeg voorberei vir 'n onafhanklike navorsing vir die moeiliker D.Phil-graad, waarvoor hy direk begin materiaal versamel. In *Cambridge* word 'n student met 'n eersteklas Honneursgraad ook direk tot die studie vir die Ph.D.-graad toegelaat. Hierdie universiteite het nooit so iets as 'n georganiseerde opleiding vir geskiedskrywers gehad nie, maar heel onlangs het Oxford 'n eenjaarkursus in nagraadse opleiding met 'n leergang en eksamen ingevoer, nl. die *B.Phil-kursus* wat bedoel is as opleiding in gevorderde werk vir diegene wat nog nie ten volle of goed toegerus is vir oorspronklike en selfstandige werk nie, en vir dié wat behoefte het aan verdere ervaring in akademiese werk ná voltooiing van die B.A.-graad. Ook Cambridge het in 1963 'n eenjaarkursus vir 'n „Sertifikaat in Gevorderde Historiese Studies" *(M. Litt.)* ingevoer wat op 'n tegniese opleiding vir „post-graduates" aankom.

In beide Oxford en Cambridge is die M.A.-graad 'n formaliteit — dit kan verkry word sonder 'n eksamen of dissertasie, slegs by betaling van 'n fooi deur 'n student wat die B.A. Honneurs het, as hulle name op die boeke van 'n kollege vir 'n tydperk van 20 kwartale bly. Die B.A.-Honneurs-opleiding was en word nog as voldoende voorbereiding beskou vir die voortgang tot doktorale studie. Die standaard van doktorale navorsingsdissertasies verskil van universiteit tot universiteit, maar die Oxfordse D.Phil. en die Cambridgse Ph.D. word as van 'n hoër kwaliteit beskou as die ekwivalent van ander Britse universiteite. In 1966 het Oxford 22, Cambridge 27 en Londen 78 doktorsgrade in

geskiedenis toegeken. Die voorbereiding vir die doktorsdissertasie staan onder die toesig van 'n „supervisor", 'n geleerde, „tutor" of „don" in een van die kolleges wat 'n gespesialiseerde in een of ander studieterrein is, en wat enkele dissipels rondom hom het. „Formele" opleiding is tot 'n minimum gereduseer en geskied meestal op 'n *persoonlike* vlak. Die doktorsdissertasie moet van 60 000 tot 120 000 woorde lank wees, hoef nie in gedrukte vorm voorgelê te word nie, en moet 'n „oorspronklike bydrae" wees tot die historiese kennis. As die toesighouer dit aanvaar, word dit deur 'n ander ekspert aan dieselfde universiteit beoordeel en daarna deur 'n eksterne geleerde. As al drie ooreenstem, kan die graad toegeken word, anders word dit na die student terugverwys vir voorgestelde veranderinge en hersiening, waarna dit weer voorgelê kan word, maar nou met 'n mondelinge eksamen daarby.

In alle ander provinsiale universiteite is die M.A.-graad nog tot onlangs toe beskou as 'n navorsingsgraad („research degree") wat na een jaar se „post graduate work" op 'n dissertasie berus. Hierdie „tesis" kan eerder 'n „akademiese oefening" as 'n oorspronklike bydrae tot die historiese kennis genoem word. In die Universiteit van Londen dra die M.A.-graad 'n beter en goeie reputasie. Daar word twee jaar voltydse studie vereis en die dissertasie is dikwels van net so 'n hoë kwaliteit as dit wat vir die Ph.D.-graad voorgelê word, hoewel hulle nie so lank is nie. As gevolg van die aanbevelinge van die Robins-rapport oor universitêre onderrig sal die Londense en provinsiale universiteite die M.A.-graad in die toekoms radikaal verander. In Londen is in 1965-'66 ingestel 'n M.A.-graad na een jaar voltydse studie wat op eksaminering i.p.v. 'n dissertasie berus. Die „ou" M.A.-graad is vervang deur 'n nuwe *M.Phil.*-graad waarvoor vereis word 'n voltydse navorsingskursus wat oor twee jaar strek en as voorbereiding dien vir 'n substansiële dissertasie. Die rede vir die nuwe M.A.-graad wat slegs op eksaminering berus, word daaraan toeegskryf dat die universiteitsowerhede traag is om, in die aangesig van oorlaaide B.A.-kursusse, die studietyd van drie na vier jaar vir 'n B.A. te verleng, en daar studente is wat voel dat hulle 'n verdere graad verlang, maar nie bereid is om met navorsing voort te gaan nie.

Aan die nuwe universiteite is reg vanaf die begin die M.A.-graad of B.Litt., gebaseer op *slegs* eksaminering, ingevoer, en van die ou provinsiale universiteite volg nou ook hierdie voorbeeld. Dit sal moontlik ten gevolg hê dat die studente-aantal vir die Londense M.Phil en die doktorsgrade sal verminder.

Soos gesien het die konvensionele universiteite van Oxford en Cambridge nie die seminaarstelsel ingevoer nie, maar die „tutoriale stelsel" behou, nieteenstaande pogings om dit na analogie van die Duitse en Amerikaanse universiteite daar in te bring. Die eerste suksesvolle Engelse seminaar in geskiedenis is aan die begin van die 20ste eeu in Manchester deur prof. T. F. Tout ingevoer, en danksy die pogings van prof. Pollard is in 1921 die „Institute of Historical Research" aan die Universiteit van Londen gestig wat die Britse hoofstad met sy navorsingsfasiliteite

soos die „Public Record Office" en die „British Museum" tot die *mecca* van binne- en buitelandse geskiedskrywers en studente laat word het. In die Instituut wat o.l.v. 'n direkteur staan, en 'n jaarlikse rapport uitbring is meer as 100 000 bande gedrukte dokumente en naslaanwerke byeengebring. Geleerdes op verskeie terreine wissel gedagtes tydens seminare oor hulle bsondere studieterreine op die Donderdagaandkonferensies uit, terwyl die verskillende skole van die Londense Universiteit ook seminare vir hulle studente daarin reël. Ook organiseer die Instituut jaarlikse Anglo-Amerikaanse konferensies vir historici waar studies gelees en gedagtes uitgewissel word [29].

In die *Verenigde State van Amerika* begin die professionele opleiding van geskiedkundiges in die „graduate school" soos Columbia, Yale en Harvard en vele ander wat studente vir die verkryging van M.A.- en Ph.D.-grade voorberei. Hoe groter die „prestige" van so 'n „graduate school" hoe hoër die toelatingsvereistes. 'n Slaagsyfer van minstens 60% of nog hoër in die nagraadse hoofvak word vereis met 'n aanvaarbare rekord vir 'n „Graduate Record Examination" wat in die senior jaar van die kollege afgeneem word. 'n Student hoef nie 'n M.A.-graad te besit as hy tot die doktorstudie wil toetree nie. Die B.A. het reeds vier jaar vereis. Dit lyk nie of daar besondere waarde aan die M.A.-graad geheg word nie; die vereistes in die 200 kolleges en universiteite waar dit aangebied word, varieer; in 1961 is 3 161 M.A.-grade in die V.S.A. toegeken. Studie daarvoor bestaan uit kursuswerk en seminare. Dikwels word 'n dissertasie vereis en gewoonlik 'n skriftelike en mondelinge eksamen oor die studiegebied van die student. 'n Populêre graad is die M.A.T. (M.A. in Teaching) wat veral deur diegene gevolg word wat geskiedenis op skool wil gee. Dit vereis 'n vyfde jaar voltydse studie in die opvoedkunde en geskiedenis.

In die V.S.A. word *ware* professionele opleiding tot historikus in die studie vir die Ph.D.-graad gesien, en dié begin in die bekende „graduate schools". Soos gesien word vir toelating vereis geskiedenis as hoofvak in die voorgraadse opleiding, dikwels die M.A.-graad, maar dit hoef nie, en kennis van 'n vreemde taal. Sommige universiteite vereis vooraf eers kwalifiserende eksamens om die student se vermoë en vorige prestasie te toets. Teoreties word drie tot vier jaar voltydse studie vir die eksamengedeelte van die Doktorsgraad vereis (insluitende die twee jaar voltydse studie vir die M.A. as dié geneem is); in die reël word twee jaar ná die verkryging van die M.A.-graad deur *voltydse* studie vir die „prelims" of algemene eksamen vereis, wat die student toelaat vir kandidaatskap tot die doktorsgraad, waarvoor hy dan 'n *dissertasie* moet skrywe en nog 'n eksamen daaroor moet aflê. Die Amerikaanse professionele opleiding tot historikus wat met die Doktorsgraad eindig, is in 1882 deur Herbert Baxter Adams aan die John Hopkins-universiteit ingevoer en is gebaseer op die *Duitse* seminaar- en eksamenstelsel. Dit het die model vir die hele Amerika verskaf. Vele Amerikaanse studente

29. Oor die Engelse stelsel kyk Barlow en Harrison, *History at the Universities*, en Shafer, a.w., p.135-140.

het hulle opleiding by Ranke en ander Duitse historici gehad en dié opleiding het hulle so beïndruk dat hulle dit na Amerika oorgebring het[30]. Ranke was trouens die eerste erelid van die "American Historical Association".

Die doel met die opleiding vir die graad van Doktor is deeglike kennis van die geskiedenis van 'n belangrike, maar beperkte tydvak uit die (Vaderlandse, Algemene of Middeleeuse) geskiedenis, intieme kennis en ervaring van navorsing en beginnerservaring met die probleme van doseerwerk. Gedurende die eerste jaar volg die student verskeie lesings of geleide leeskursusse, 'n kursus in historiografie of historiese metodologie — laasgenoemde veral as die student hierdie twee afdelings nog nie voorheen gehad het nie. Normaalweg word daar nie meer afsonderlike kursusse in „historiese metode" aangebied nie, omdat die student „research training" in die seminaarklasse verkry[31]. Dit word van die student verwag om aan 'n paar navorsingseminare aktief deel te neem, gewoonlik in groepies van ses tot agt onder die leiding van 'n bekende historikus, en hulle help hom ondersoek doen na bronne-materiaal oor 'n tema in sy besondere veld en skryf self opstelle van 30 tot 50 bladsye oor aspekte daarvan wat dan ontleed, bespreek en bekritiseer word. Aan die *navorsingseminaar* word besondere waarde geheg. Dis die *ware leerskool* van die voornemende en wordende historikus, waarin die tegnieke en metodes van navorsing en sintese oorgedra word op die „studenteleerjongens" deur die „vakmeester" wat daardeur die kontinuïteit van die wetenskap verseker[32].

Die studietyd varieer, die student kan soms na een jaar, soms aan die einde van die tweede of derde jaar studie, sy algemene doktorale eksamen in geskrewe *en* mondelinge vorm aflê (die „prelim") wat sy kennis toets in 'n hoofgebied (waarin sy dissertasie geskryf sal word) en twee of meer ander gebiede, waarvan een soms buite die veld van die geskiedenis moet wees soos bv. in staatsleer. Die geskrewe eksamen kan van vier tot 25 uur verg en een of twee ander eksaminatore naas die hoofprofessor word daarin betrek. 'n Eksamenkommissie van 3 tot vyf professore, waarvan een 'n eksterne moet wees, neem die mondelinge eksamen af en dit duur van twee tot drie uur. Hierin word die hoofgebied waarin die kandidaat sy doktorsdissertasie sal skrywe, getoets, asook die bibliografie daaroor, en gelet op *hoe* die student antwoord en *wat* hy ken. Ook word vóór die „prelim" toetse geneem om vas te stel of die kandidaat twee buitelandse tale kan lees.

Hierna moet die student begin navors vir die dissertasie. Sommige studeer voltyds op die kampus daarvoor, ander gee onderrig en doen

30. John Higham, *History, the Development of historical Studies in the United States.* Prentice-Hall, Englewood-Cliffs, 1965, p.11.
31. Kyk F. A. van Jaarsveld, „Historiese Metode, Historiografie en Teorie in die V.S.A." in *Hertzog-Annale,* Des. 1965, p.75.
32. Oor die seminaar kyk A. S. Eisenstadt (red.), *The Craft of American History II,* New York, 1966, p. 208: W. P. Webb: "The Historical Seminar: Its outer Shell and its inner Spirit". Vgl. ook Perkins en Shell, *The Education of Historians in the United States,* p.148 en 152.

die navorsing in hulle vrye tyd. 'n Bekende professor hou toesig oor sy studie. Teoreties word vereis soos gesê, *vier* jaar se „graduate work" (insluitende die M.A.-studie as dié geneem is) waarvan twee *voltyds* op die kampus *moet* wees vir die verkryging van die doktorsgraad; in die praktyk kom dit dikwels neer op 9 tot veertien jaar vandat die student vir die doktorstudie ingeskryf het. Slegs 8% van die ingeskrewe studente verwerf die graad binne vier jaar. As vereiste vir die dissertasie is gestel „'n bydrae tot die kennis van die geskiedenis"; vandag egter is die eise meer beskeie, en word die doktorsdissertasie beskou as „a training experience and evidence of scholarly attainment in research, critical analysis and writing"[33]. Die dissertasie hoef nie, soos in Duitsland, gepubliseer te word nie, en is gewoonlik van 300 tot 400 bladsye lank. Na die voltooiing en aanvaarding van die dissertasie word dit deur ander professore gelees en almal moet dit goedkeur voordat 'n graad toegeken kan word. Daarna volg 'n mondelinge eksamen van sowat twee uur lank, wat op 'n verdediging deur die student van sy dissertasie aankom voor 'n eksamenkomitee van verskeie professore. Hierdie eksamen is ietwat van 'n formaliteit in vergelyking met die Franse dissertasie-eksamen.

In die V.S.A. met sy groot bevolking word dinge op groot skaal gedoen. Terwyl daar in 1941 deur 58 universiteite 158 doktorsgrade in geskiedenis toegeken is, was dit in 1960 vir 80 universiteite 365 en in 1966 is deur 116 universiteite 560 toegeken; daar word trouens meer doktorsgrade in geskiedenis toegeken as in enige ander vak van die sosiale- of mensewetenskappe. Iets meer as die helfte van alle kandidate verwerf hierdie graad in die Amerikaanse geskiedenis, sowat een derde in die Europese en die res in ander velde. In 1964 is 52 doktorsgrade in geskiedenis deur Harvard en 42 deur Columbia toegeken. Die doktorale dissertasie word selde gepubliseer, soms wel in gewysigde- of artikelvorm, maar 'n „abstract" gaan na die „Dissertation Abstracts"; ook word dit vermikrofilm en aan ander universiteite verskaf.

Daar kom heelwat kritiek in teen die Amerikaanse doktorsdissertasie; dit sou alledaags in styl wees en droog om te lees — soos Oscar Handlin, 'n bekende Amerikaanse historikus, geoordeel het: „From the point of view of creative scholarship, there is something pathetic about the Ph.D. dissertation, laboriously compiled, meticulous in its apparatus, factually accurate but intellectually arid, and generally marking the end rather than the beginning of a writing career"[34]. En Boyd Shafer noem hulle „unexiting monographs on insignificant topics, it did not stress imaginative thought and historical insight"[35]. Soms handel so 'n dissertasie oor een of ander obskure politikus uit die Burgeroorlogtydperk en is gebaseer op „voluminous primary sources, it might have a hundred or a thousand footnotes and a long bibliography, but its prose might

33. Shafer, a.w., p.202.
34. Uit "The Central Themes of American History", gedruk in *Estratto da Relazioni del X Congresso Internazionale di Scienze Storiche*, Roma, September 1955, deel I, p. 165.
35. Shafer, a.w., p.205.

be ackward, and its contribution negligible". Miskien is dit 'n te pessimistiese siening van sake, maar dit laat ons dink aan sommige van ons eie doktorsdissertasies!

In die *Republiek van Suid-Afrika* is verskillende invloede in die nagraadse opleiding van geskiedenisstudente te bespeur: soos gesê, het Oxford in 'n groot mate die model vir ons Engelstalige universiteite verskaf. Die Afrikaanse universiteite berus, wat sy struktuur en organisasie betref, grootliks op die Anglo-Saksiese model, maar wat die nagraadse afdeling betref, is ook kontinentale, veral Nederlands en Duitse invloede en ideale te bespeur, miskien vanweë die feit dat van ons eerste akademici hulle professionele opleiding in die geskiedenis in dié twee lande gehad het.

By ons word geskiedenis as hoofvak in die B.A.-jare vereis vir toelating tot die Honneursopleiding, sommige universiteit stel 'n sekere persentasie daarin behaal as voorwaarde vir inskrywing. By voltydse studie kan die Honneursgraad binne 'n jaar behaal word, by deeltydse studie duur dit twee jaar of langer. Daarin word opleiding in die historiese metode, historiografie en soms teorie en filosofie van die geskiedenis aangebied, en die student gewoonlik in aanraking gebring met bronne en die apparaat vir die Suid-Afrikaanse historikus. 'n Paar universiteite bied 'n wye aantal „temas", „topics" en „periods" uit die algemene en Suid-Afrikaanse geskiedenis aan, een te bestudeer aan die hand van bronne, twee ander vereis 'n „research essay" of 'n „special subject". Gewoonlik word vyf vraestelle van drie uur elk vir die eksamen gestel. In die Honneurskursus word „oefening" gegee in die hantering van historiese materiaal in die vorm van opstelle wat in 'n seminaarsklas of andersins bespreek word.

Die doel van die Honneursstudie is voorbereiding vir die Magistergraad wat direk hierop volg en waarvoor 'n dissertasie van matige omvang vereis word; by voltydse studie kan dit binne 'n jaar en by deeltydse studie oor 'n langer tydperk voltooi word. In die reël word geen verdere eksamen vereis nie, uitgesonderd Potchefstroom. Aan Rhodes kan 'n M.A.-graad óf deur eksamens óf deur 'n dissertasie verwerf word. Die M.A.-dissertasie moet bewys lewer dat die kandidaat „in staat is om wetenskaplike navorsing selfstandig te kan doen" (R.A.U.) of „oorspronklike navorsing" word vereis. Sommige dissertasies is van ruime omvang, afhangende van die vereistes van die leier, en ewenaar soms die standaard wat vir 'n doktorsverhandeling gestel word. Die neiging is eerder om lywiger en lywiger M.A.-dissertasies te skrywe, wat mynsinsiens aan die doel van dié graad verbyskiet — sy primêre doelstelling behoort te wees die bewys dat die student in staat is om die *metode* en *tegnieke* wat hy in die Honneursjaar geleer het, *toe te pas* en daardeur toon dat hy selfstandig *kan* navors. Dis trouens 'n vóór-oefening in die akademiese dissipline wat vir die meer gevorderde „oorspronklike bydrae tot die kennis" van die Doktorstudie geverg word. 'n Gebrek by ons is dat die student nie vóóraf grondige opleiding gegee word *in die besondere veld* waarin die dissertasie geskryf sal word nie. Die student staan onder die

leiding van 'n „toesighouer" of „leier", en sy omgang met dié wetenskaplike geskied op 'n *persoonlike* voet, dikwels in sy studeerkamer. Hy kom as't ware in die leerskool van een of ander spesialis wat hom gewoonlik van 'n tema voorsien. Naas die leier is 'n interne en 'n eksterne eksaminator gewoonlik die gebruik, maar nie altyd nie.

Die besit van 'n Meestersgraad is 'n vereiste vir toelating tot die Doktorstudie, wat op dieselfde persoonlike basis berus, net die dissertasie moet van ruimer aanvang wees en „'n bydrae tot die uitbouing van ons kennis van die geskiedenis". Ook hier is gewoonlik drie eksaminatore (waarvan een ekstern) 'n vereiste vir die beoordeling daarvan; by sommige universiteite kan 'n mondelinge eksamen oor die onderwerp afgeneem word, maar in die praktyk gebeur dit selde. Ten minste twee universiteite vereis 'n eksamen in 'n leesgebied. Voor 'n student toegelaat word om met 'n dissertasie voort te gaan, moet hy by die R.A.U. 'n mondelinge eksamen voor twee interne dosente en een eksterne aflê oor vier kennisgebiede, een waarvan in die veld val waarin die dissertasie geskryf sal word. Ten minste agt seminare word van hom in sy voorbereidingstyd vereis. Die bedoeling is om toe te sien dat 'n kandidaat wat ná doktorering 'n akademiese loopbaan volg, 'n breër kennis van die algemene en Suid-Afrikaanse geskiedenis sal hê as net van die klein sektor waaroor sy dissertasie handel, tesame met dieper kennis oor die aard en teoretiese grondslae van die vak. Ongelukkig bestaan daar in Suid-Afrika geen eenvormighheid wat 'n eksamengedeelte betref nie, en kan studente die pad van die minste weerstand volg. In die opsig behoort daar groter koördinasie tussen die universiteite te wees en samesprekings oor die voorvereistes vir die Doktorstudie gehou te word. Ook ontbreek by ons die waardevolle „navorsingseminaar" van die Franse, Duitse, of Amerikaanse universiteit in die M.A.- en Doktorale opleiding van geskiedkundiges, waarin die student beter vóóropleiding kan kry. Die probleem is dat die meeste studente deeltyds is en wyd verspreid. Daar is geen vereiste dat die doktorale student vir 'n tydlank, soos in ander lande die geval is, voltyds op die kampus hoef te wees nie. Wat in die Honneursjaar aan metode en akademiese oefening aangebied word, is m.i. nie voldoende as voorbereiding vir die Doktorstudie nie; 'n navorsingseminaar op nagraadse vlak kan veel van die probleme van die Doktorstudent ondervang.

En of ons altyd bereik met ons nagraadse opleiding wat ons wil bereik — die kweking van nuwe geskiedskrywers wat sal navors en *skrywe* — is 'n ope vraag. Vir vele studente gaan dit bloot om die *prestige* van 'n *titel* of vermeerdering van *salaris* en selde om voorbereiding vir die *begin* van 'n geleerde en produktiewe loopbaan[36]. Ek glo dat voordat ons nie studente aan die lopende band vanaf die eerstejaar tot doktorale studie deurlei nie, ons dit moeilik sal vind om geskiedskrywers te kweek. Dit gebeur egter soms dat 'n student in sy Honneursjaar tot dosent benoem word, en dat hy dan in een departement tot die Doktors-

36. Vgl. die artikel „Studieleiding aan Studentenavorsers", in *S.A. Historiese Joernaal*, nr. 1, Nov. 1969, p.101-113.

graad deurgelei word. Deeltydse studente in die nagraadse studie word egter selde historici, miskien omdat die praktyk van die lewe te veel van hulle eis, óf omdat hulle reeds „te oud" is. Dat daar vandag 'n gebrek aan skeppende geskiedskrywers, veral van Afrikanerkant bestaan, kan nie ontken word nie, en dit kan en sal meebring dat die kultuur daaronder sal lei.

Daar bestaan vandag ook al minder die neiging wat daar vroeër was, nl. dat 'n student sy Doktorsgraad aan 'n oorsese universiteit gaan behaal, waar hy in 'n sekere rigting kan spesialiseer en sy vaderland daardeur geestelik kom verryk. Mynsinsiens behoort daar by ons 'n stywe voorvereiste vir toelating vir die Doktorstudie te wees, waaroor die geskiedenisdepartemente behoort te konfereer, en dié moet van inhoudelike aard wees en gebaseer op 'n navorseingseminaar. Moontlik is die opleiding tot die Doktorsgraad te veel van 'n individuele aangeleentheid; uit die aard van die saak is daar weinig kandidate wat hulle vir hierdie studie aanmeld — laat staan maar voltyds. Die *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis* het egter 'n vertoonvenster geword vir die gehalte van die werk wat aan die Suid-Afrikaanse Universiteite gedoen word, hoewel gesê moet word dat nie alle M.A.- of Doktorsdissertasies daarin opgeneem, of opgeneem kán word nie.

## V

### *Enkele probleme van die historiese professie.*

Geskiedenisbeoefening — navorsing of doseerwerk — as 'n professie stam uit die 19e eeu. Voor die Franse Rewolusie was geskiedenis 'n hulpwetenskap en eers aan die begin van die 19e eeu het dit 'n onafhanklike studieveld aan die universiteit geword, aan die hoof waarvan 'n „professor" gestaan het, wat hom met sowel navorsing as doseerwerk besig hou. Die model wat nagevolg is, is dié van die Universiteit van Berlyn van 1810[37]. Die professie is hierargies georganiseer, die professor as departementshoof het dosente of assistente onder hom. Een van die take was om nuwe geskiedkundiges te kweek en die model daarvoor het veral uit Leopold van Ranke se navorsingseminare gekom.

Voorheen is geskiedenis veral deur amateurhistorici beoefen, dikwels as stokperdjie; dit was die geval in feitlik alle lande, veral Engeland en die Verenigde State — maar ook in Suid-Afrika, om aan Theal, Cory en Gustav Preller te dink. Die amateurgeskiedskrywers is geleidelik vervang deur die professionele historikus wat aan die universiteit verbonde was en daardeur het die geskiedenisbeoefening geprofessionaliseerd geraak.

Die sterk kompetisie wat geheers het om die boonste sport te bereik, het die doktorale dissertasie al langer in omvang laat word en die aspirant geskiedkundige genoop om aktief na te vors en te publiseer. In Frankryk

37. Vir besonderhede kyk John Higham: *History, The Development of historical Studies in the United States*, p.324 e.v.

kan slegs iemand wat sy doktorale dissertasie met „trés honorable" geslaag het, hoop op 'n leerstoel. Daar het dit dogma geword dat dit onmoontlik is om onderrig van navorsing te skei; vir die professor is onderrig 'n stimilus en 'n instrument om sy eie navorsing te lei en omgekeerd. In Duitsland is die weg na 'n leerstoel, of na die doserende personeel van 'n universiteit ook moeilik. Na voltooiing van die doktorsgraad moet 'n student 'n „habilitation"-verhandeling aan 'n filosofiese fakulteit voorlê wat 'n oorspronklike en geleerde werk van omvattende aard moet wees; as die fakulteit dit aanvaar moet die kandidaat 'n voorlesing voor die hele fakulteit gee — die „inauguration" — en eers dán mag hy voorlesings en seminare gee, maar as 'n „privatdozent". As so 'n persoon deur sy wetenskaplike publikasies bekend word, mag hy deur sy fakulteit of die van 'n ander universiteit 'n leerstoel *aangebied* word, òf as „ordinarius", d.w.s. 'n volle professoraat òf as 'n „extraordinarius" wat minder status het. Ook kan 'n student 'n „navorsingsassistent" in 'n geskiedenisdepartement word.

In *Brittanje* word 'n doktorsgraad in die geskiedenis hoog aangeslaan, maar is nie altyd 'n vereiste vir 'n professoraat nie. Die stelsel daar verskil van dié van die Vasteland. Nāás die professor word „readers", of „lecturers", („dons" of „fellows") in die kolleges aangetref wat ingeskakel is by die tutoriale stelsel. In Oxford was in 1967 sowat 200 dosente in geskiedenis bedrywig, 127 in Cambridge en sowat 200 aan die Universiteit van Londen. Altesaam het ongeveer 1 160 persone in 1968 hulle dienste aan die geskiedenis aan Britse universiteite gewy. In die Universiteit van Londen was daar in 1968 28 professore, „readers" en „lecturers" slegs aan „University College" verbonde, 19 aan „Kings College" en 33 aan die „London School of Economics and Political Science". Die Universiteit van Birmingham het 52 dosente in geskiedenis, teenoor 40 in Manchester, 36 in Liverpool, 59 in Edinburg en 43 in Glasgow.

Daar is heelwat professionele geskiedkundiges wat aktief navors en publiseer: in 1967-68 het sowat 700 aparte boeke oor geskiedenis in Groot Brittanje verskyn, waarvan heelwat deur „amateur" geskiedkundiges daargestel is. Die tyd is verby dat die „college fellowship" van die „Oxbridge"-universiteite 'n nie te spannende lewe voer nie (met een of twee voorlesings per week en persoonlike tuïsie aan nagraadse studente); die ou sorgvrye lewe is ook dáár verby — vandag word daar deur die „dons" gekla oor die aantal voorlesings en die groot aantal studente wat hulle verhinder om na te vors en te skrywe! Oor die algemeen is daar beswaar teen die te geringe aantal dosente van hoë bevoegdheid wat aan óf die skole óf die universiteite kan doseer; teen die hoë eise van die samelewing wat beeldradio-optrede, artikels, boekbesprekings, ens. eis; ook is daar ontevredenheid oor die werksomstandighede: afgesien van doseerwerk is daar komiteewerk en administratiewe verpligtinge wat sowat 50% van die tyd van dosente eis, en waarby boonop kom die interne of eksterne eksamens wat diep in hulle tyd invreet. Die gevolg hiervan is dat die meeste universiteitsdosente in

„considerable strain" lewe — die gevolg van die gebrek aan personeelvoorsiening. Die meeste universiteitsdosente vind dit moeilik om na die voltooiing van die dissertasie nog 'n substansiële stuk werk te lewer wat op navorsing gebaseer is. Daar is egter dié troos dat kennis in *geskrewe* vorm nie die enigste vorm is waarin historiese ontdekkings aan 'n studente-gehoor oorgedra kan word nie; doseerwerk het 'n versoberende gevolg op historiese oordele — en dit kan self beter boeke ten gevolg hê.

In die *Verenigde State van Amerika* word soortgelyke probleme ondervind. In 1960 was daar sowat 12 000 geskiedkundiges aan akademiese inrigtings verbonde; hiervan was sowat 20% produktief. Altesaam is daar sowat 60 000 onderwysers aan hoërskole wat 'n bestaan deur die dosering van die geskiedenis verdien. Van diegene wat aan universiteite of kolleges verbonde is, besit sowat 65% die Doktorsgraad in geskiedenis. Aan die voorgraadse kolleges word sowat 12 uur per week aan doseerwerk gewy; in die „graduate school" sowat 5 tot 6 uur per week — dit sluit een doseerkursus en 'n seminaar in; sommige „garduate teachers" hou slegs „toesig" oor dissertasies. Daar word van die dosente — veral aan laasgenoemde inrigtings *verwag* om te *publiseer* — die bekende „publish or perish"-eis — maar relatief weinig geskiedkundiges in die V.S.A. lewer boeke wat as „bydraes tot die kennis van geskiedenis" gereken kan word. As 'n dosent in een van die prestige „graduate schools" nie publiseer nie, kan hy summier uit die departement ontslaan word. Die gevolg is dat 'n mens heelwat oppervlakkige „studies" om den brode kry.

Die struktuur van die historiese professie in die V.S.A. sien soos volg daaruit: daar is die pos van „instructor" wat besig is om te verdwyn (behalwe aan die grootste en sterkste „graduate schools"); iemand met 'n Ph.D.-graad word aangestel as „assistent professor" (lektor); na vyf of sewe jaar kan hy „associate professor" (senior lektor) word, en na nog vyf of sewe jaar, by voldoende ervaring en senioriteit, kan hy die titel van volle „professor" kry — weinig geskiedkundiges bereik dié titel vóór die ouderdom van 40 jaar. Die Ph.D. het byna 'n vereiste geword om aan kolleges en universiteite te kan doseer.

Die eise wat aan dosente in die V.S.A. gestel word, het teen 1960 daartoe gelei dat daar jaarliks sowat 200 tot 300 ernstige historiese werke gepubliseer is, nááś etlike bande dokumente — veral „Basic Documents" oor die Amerikaanse geskiedenis of uittreksels uit werke van geskiedkundige denkers. Daar bestaan sowat 600 historiese tydskrifte in die V.S.A., waarvan die *American Historical Review* die kroon span en in 1966 was daar meer as 2 000 historiese verenigings. In 'n land waarin daar in 1963 meer as 10 000 gevorderde studente in geskiedenis en in 1960 meer as 16 000 was, is dié prestasie verstaanbaar.

Soos in Brittanje en elders is daar ook probleme vir die professionele historici in die V.S.A.: Daar word gekla dat van die professore te dikwels „off campus" is, en dat die nagraadse werk van hulle studente verwaarloos word — dié professore is gewoonlik besig aan een of ander navorsingsprojek. Verder dat akademiese historici „are torn between

their desire to teach and their interest in research and writing"[38]. Hierdie is 'n professionele kwessie wat groot besorgdheid baar. Terwyl meer en meer geskiedkundiges hoop om meer van hulle tyd aan navorsing te wy, eis die universiteitskolleges „good teaching". Tog *moet* — teen wil en dank — die grootste aantal geskiedkundiges in die V.S.A. — uit die aard van hulle posisies — die grootste deel van hulle tyd wy aan doseerwerk en voorbereiding daarvoor. Dit bring heelwat *spanning* te weeg — en die gevoel is allerweë dat „goeie doseerwerk" gebaseer is op „navorsingservaring" — onoorgedraagde kennis het mos weinig waarde. By aanstellings word voorkeur gegee aan diégene wat produktief publiseer: hulle het die beste kans op 'n permanente akademiese loopbaan en bevorderingsmoontlikhede. Die beste jong geleerdes verkies egter navorsing bo doseerwerk.

Wat die *Republiek van Suid-Afrika* betref, ook hier word voortdurend spanning tussen navorsing en doseerwerk gevoel, so erg dat sommige universiteitsdosente oorgee en in blote „onderwysers" verander, wat indien iemand nog sou navors en publiseer, na hom sal verwys as sou hy nie genoeg „werk" hê om te doen nie! Vergelyk ons die aantal studente per dosent in die V.S.A., of Brittanje, bevind ons dat die geskiedenisdepartemente aan die Suid-Afrikaanse universiteite orals *onderbeman* is. As 'n mens daaraan dink dat die samelewing hier, wat die „verlede" betref, „alles" van die handjievol geskiedkundiges verwag — om aan volksfeeste, radiopraatjies, boekbesprekings, staatsdepartemente e.a. instansies te dink — rus daar 'n geweldige taak en verantwoordelikheid op hulle skouers, hoewel hulle vanselfsprekend nie die aansien het van die witgejaste manne van die natuurwetenskap nie. Hulle moet aan die eise van die feesdeurdrenkte samelewing voldoen, doseerwerk behartig en dan nog navorsingswerk onderneem. Dit is in 1965 bereken dat die Universiteit van Harvard meer geskiedkundiges in sy geskiedenisdepartement gehad het as in die hele Republiek van Suid-Afrika saam[39]!

Dit is betreurenswaardig dat die professionele geskiedkundiges so 'n vol program aan die universiteite het dat, tesame met die eise wat die samelewing aan hulle stel, daar nie altyd tot ernstige navorsingswerk gekom kan word nie. Dit kan meebring dat daar geestelike bloedarmoede in die vak kan intree. Die verlede mag nie aan die vergetelheid of amateurisme oorgelaat word nie. As ware navorsingswerk slegs aan onrype nagraadse studentenavorsers oorgelaat moet word — al is dit onder universitêre leiding — sal 'n prys betaal moet word. Die student sal immers nie 'n voorbeeld hê om na op te sien nie. Daarby sal die kwaliteit doseerwerk self daaronder ly. Die hede sal sonder antwoord staan teenoor akademici van sowel binne die Republiek wat vrae oor ons tyd en sy wording stel. As ons aanvaar dat Jacob Burckhardt reg was met sy uitspraak dat geskiedskrywing bestaan in wat een geslag werd vind om van 'n vorige geslag te onthou, sal ons omstandighede

38. Shafer, a.w., p.220.
39. Vgl. *Standpunte* 58, April 1965, p.43-50: „Aangaande ons huidige geskiedenisbeoefening" deur F. A. van Jaarsveld.

moet skep wat historiese navorsing op die professionele vlak tot sy reg laat kom, anders kan geestelike vernouing en kulturele verarming vir ons land en die agteruitgang van die historiese professie intree.

## VI

### *Besluit*

1. Daar bestaan sekere leemtes in die selfbewussyn van ons historiese professie in Suid-Afrika.
2. Daar is te weinig verband tussen skool- en universiteitsopleiding in geskiedenis. Universiteite behoort advies te gee aan die hoërskoolleiding wat leergange en metodes beter by universitêre vereistes moet laat aansluit.
3. Daar bestaan te weinig verband tussen voor- en nagraadse opleiding met die oog op die vorming van geskiedkundiges op nagraadse vlak, of wat as basis kan dien vir selfstandige navorsing en skryfwerk, waar geen verdere universitêre opleiding gevolg word nie. Te veel klem word op „inhoud" gelê en te weinig op vorm, metode, bekendstelling met literatuur, navorsingsapparaat, geleide leeswerk en die gebruik van die dokument op voorgraadse vlak, sodat die student nie altyd die idee kry dat hy 'n *dissipline* beoefen wat van ander verskil nie, nl. geskiedenis-as-'n-*wetenskap*.
4. Sou hierdie gebreke nie uitgeskakel word nie, behoort die Honneurskursus by die B.A. geïntegreer te word sodat lg. uit vier i.p.v. drie jaar bestaan.
5. Plek moet ingeruim word vir 'n verpligte navorsingseminaar op nagraadse vlak, waar die aspirant historikus beter vir selfstandige navorsing voorberei kan word, en dus minder aan homself oorgelaat is.
6. Eksamenvereistes vir toelating tot die skrywe van 'n dissertasie behoort verpligtend aan alle universiteite vir die doktorsgraad gestel te word — dít met die oog op uitskakeling van kompetisie en beter voorbereiding vir akademiese werk.
7. Studente moet aangemoedig word om hulle doktorsgrade in geskiedenis met voltydse studie te verwerf.
8. Waar universiteite in die Republiek nie voorsiening kan maak vir opleiding in 'n sekere gespesialiseerde rigting soos bv. eietydse, sosiale, intellektuele of stedelike geskiedenis nie, behoort studente aangemoedig te word om ná die voltooiing van 'n Magistergraad sodanige opleiding aan 'n oorsese universiteit te gaan ontvang.
9. Ondersoek behoort gedoen te word na die stand van die opleiding van geskiedkundiges aan ons universitiete — dít met die oog op die gebrek aan geskiedskrywers.

Prof. F. A. van Jaarsveld.